

Jesus min my  
tel my op  
maal my, deel my  
tot ek klop

1110

# ander [som]

MATTEUS 5:1-12

12 Junie 2022 – VREDEMAKERS

## Inleiding:

In Jesaja 9:5 lees ons reeds 700 jaar v.C. die woorde: “Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors”.

Direk uit die Hebreeus staan hier “sar-shalom” wat ons vertaal as die prins van vrede. Ons verlosser Jesus Christus is die prins van vrede.

Die saligsprekinge se krag lê daarin dat dit God is wat dit vir 'n spesifieke gehoor gee naamlik sy dissipels. Ons gee nie uitvoering aan die saligsprekinge **sodat** ons vertrous kan word, of **sodat** ons barmhartigheid kan ontvang, of **sodat** ons kinders van God genoem kan word nie. Ons gee uitvoering aan die saligsprekinge **omdat** God ons vertrous, **omdat** God aan ons barmhartigheid bewys het, **omdat** God ons sy kinders gemaak het. Ons tree dus op aan die hand van God se karakter. Ons is vredemakers omdat God die God van vrede is.

## Vrede:

Die Griekse woord vir vrede is “Eirene”. Dit kom 88 x in die Nuwe Testament voor en letterlik in elke enkele boek en Paulus begin elke brief wat hy skryf met die woorde: “Vrede vir julle”. In Hebreeus kry ons die woord “Shalom”.

Vrede het 2 groot vertaal moontlikhede:

1. Dit is die tyd van die afwesigheid van konflik of oorlog.
2. Maar geweldig belangrik het die Hebreeuse en Griekse woorde vir vrede 'n baie wyer en dieper betekenis. Dit beteken ook dat ek wil hê jy moet vooruitgang beleef, jy moet voorspoed kan ervaar.

Baie interessant kom die woord vredemakers net 2 maal in die Bybel voor. Dit is hier in ons teks en dan ook in Kolossense 1:18-20: “Hy is die oorsprong, die Eersgeborene uit die dood, sodat Hy in alles die eerste plek kon inneem; <sup>19</sup> want God het dit goedgevind om die hele volheid in Hom te laat woon, <sup>20</sup> en om deur Hom

alles, ja, alles op aarde en in die hemel, met Homself te versoen, deurdat Hy vrede gebring het [vrede gemaak het - εἰρηνοποιῶ] deur sy bloed aan die kruis.

Die sleutel vir die verstaan van die spreuk lê in die tweede gedeelte naamlik: hulle sal kinders van God genoem word.

Ons hoor dus dat daar 'n verandering in ons verhouding met God plaas gevind het. Ons het 'n nuwe identiteit gekry naamlik kinders van God. Kinders vertoon altyd die karakter eienskappe van hulle ouers en hier word ons aangemoedig om volgens die karakter van God op te tree. Hy is die God van vrede (Yahwe-Shalom) en daarom moet ons soos Hy ook vredemakers wees. Ons reflekteer dus die heelyd God se karakter.

#### **Naaste:**

Ons nuwe identiteit (verhouding) wat ons met God het speel dan ook oor in ons verhouding met ons naaste. Dit is nie so eenvoudig nie, want ons moet onthou teen watter agtergrond hierdie woorde van Matteus gehoor word.

Tussen die dood van Jesus en die tyd wanneer Matteus sy evangelie opskryf gebeur daar 'n uiters traumatiese gebeurte. 66 n.C. so teen die einde van kaiser Nero se regering gaan stoot hy die belasting van Israel, of dan Palestina op, en die soldate dwing hierdie nuwe belasting op hulle af en hulle begin weerstand te bied en die sogenaamde Joodse rebellie breek uit. In die noorde van Galilea veral kry die Jode dit reg om aanvanklik die Romeine te verdryf uit Galilea en selfs ook dele van Jerusalem.



Dit vat die Romeine so 4 jaar om uiteindelik die rebellie te onderdruk en in die jaar 70 n.C. word Jerusalem onder beleg geplaas en in die nadraai van die beleg verwoes hulle die hele tempel. Daar vind 'n slagting plaas van die Jode wat so erg was dat die Romeine later nie meer genoeg hout oorgehad het om die Jode aan te kruisig nie. Archelaus byvoorbeeld vermoor 3000 Jode tydens die Paasfees en meng hulle bloed met die bloed van die diere wat hulle kom offer het.

As Matteus dus so ongeveer 20 jaar na die slagting sy woorde opteken dan praat hy met 'n gehoor van wie 'n baie naby familielid of 'n kennis heel waarskynlik deur die Romeine gekruisig en of wreedaardig doodgemaak is.

Ons oproep is om vrede te maak – ja ook met ons vyande. Hierdie is radikale uitsprake.

#### **Matteus 5:43-48**

<sup>43</sup>“Julle het gehoor dat gesê is, ‘Jy moet jou naaste liefhê, en ‘Jou vyand moet jy haat’.

<sup>44</sup>Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê en bid vir hulle wat julle

vervolg, <sup>45</sup>sodat julle kinders van julle Vader in die hemele kan wees. Hy laat immers sy son opkom oor slegte én goeie mense en Hy laat dit reën oor wetsgehoorsames én wetsverbrekers. <sup>46</sup>As julle diegene liefhet wat vir julle liefhet, verdien julle dan enige beloning? Maak die tollenaars nie ook maar so nie? <sup>47</sup>En as julle slegs julle broers groet, wat doen julle meer? Maak die heidene nie ook maar so nie? <sup>48</sup>“Wees dus volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is.”

Iemand sê die definisie van vrede is: “Peace is the moment when nations take time to reload.”

### **Jouself:**

Vrede gaan oor verhoudings. Jou verhouding met God en jou verhouding met jou naaste maar dan ook jou verhouding met jouself. Dit is seker een van die moeilikste dinge om te doen en dit is om vrede met jouself te maak.

Iemand sê: “A man is a walking civil war never knowing which side within him will win the victory”.

Die wonderlike is dat Jesus vir ons 'n fantastiese testament nalaat. Ons lees in Johannes 14:27: “Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie”.


God se som is dus baie eenvoudig:

"No Jesus, No peace".

"Know Jesus, Know Peace."

Daar is 'n monument voor die Verenigde nasies se kantore wat gemaak is aan die hand van Jesaja 2:4 waar ons lees: “Hy sal

regspreek tussen die nasies, die reg handhaaf vir talryke volke. Hulle sal van hulle swaarde ploegskare smee, en van hulle spiese snoeimesse. Nasies sal nie meer die swaard teen mekaar opneem nie; hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie”.



Ons het 'n nuwe identiteit, kinders van God, en daarom tree ons ook op sodat mense kan sien ons is sy kinders. Soos God is ons ook vredemakers.

**Om te luister:** Shalom my friend

<https://youtu.be/KCreul4NU94>

